14-3-71 192/70

G.P.-S.43575—1969-70—2,000 J 219

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

( Appèl Provincial Division)
( Provinsiale Afdeling)

# Appeal in Civil Case
# Appèl in Siviele Saak

BARZILLAI COETZEE Appellant,

*versus*

1. PHILIP RUDOLPH NEL; 2. HILMAR ROOS Respondent

*Appellant's Attorney*
*Prokureur vir Appellant* Adj. S.P. (Bmftn.)

*Respondent's Attorney*
*Prokureur vir Respondent* Naude & Naude

*Appellant's Advocate*
*Advokaat vir Appellant* [illegible]

*Respondent's Advocate*
*Advokaat vir Respondent* [illegible]

*Set down for hearing on*
*Op die rol geplaas vir verhoor op* 23, 24, 26/8/71

[illegible]

[illegible]

23-8-1971 (T.I.A.) [illegible]

24-8-1971 [illegible]

[illegible]

Bills Taxed—Kosterekenings Getakseer

| Date Datum | Amount Bedrag | Initials Paraaf |
| --- | --- | --- |
| | | |

Writ issued
Lasbrief uitgereik

Date and initials
Datum en paraaf

REGISTRAR, APPEAL COURT,
GRIFFIER APPÈLHOF,
BLOEMFONTEIN.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(APPèLAFDELING).

~~In die saak tussen:~~

BARZILLAI COETZEE ......... Appellant

en

PHILIP RUDOLPH NEL ....... Eerste Respondent

en HILMAR RODE ............... Tweede Respondent.

Coram: OGILVIE THOMPSON, HR., RUMPFF, WESSELS, POTGIETER et TROLLIP, ARR.

Verhoor: 23, 24 en 25 Aug. 1971. Gelewer: 21 Okt. 1971.

---

U I T S P R A A K.

OGILVIE THOMPSON, HR.:

Appellant kom in hoër beroep teen die uitspraak van die Transvaalse Provinsiale Afdeling waarkragtens skadevergoeding ten bedrae van R5000 en R2000 - in beide gevalle met rente vanaf 14 Desember 1970 en met gedingkoste - teen appellant weens laster aan eerste en tweede respondente onderskeidelik toegeken is. Appellant is die Minister van Gemeenskapsbou en Openbare Werke. Eerste respondent, 'n argitek

van....../

begin om persele te koop met die oogmerk om nuwe woonpersele op te rig. Later, met die vinnige groei in Pretoria en die uitbreiding van die sakegebied, het die stadsraad van gedagte verander en die mening gehuldig dat dié gebied meer geskik is vir uitbreiding van die sakegebied. Dit kom voor uit briewewisseling in 1966 dat daar toe al meningsverskille ontstaan het tussen die stadsraad en die Departement van Gemeenskapsbou.

Op 2 Oktober 1968 skryf die Sekretaris van Gemeenskapsbou, na wie ek van nou af sal verwys as die Sekretaris, in verband met hierdie aangeleentheid, en die volgende uittreksel uit die brief is ter sake:

> 'Ek weet daar word deur van u eie amptenare sowel as raadslede ook anders oor die toekoms van Goedehoop gedink. Allerhande struikelblokke is al genoem waarom die gebied nie vir die doel waarvoor die Departement dit wil laat gebruik, aangewend kan word nie soos byvoorbeeld dat die beoogde paaiestelsel (wanneer dit ook al eendag uitgevoer kan word) die gebied sal aantas, dat die gebied in 'n ligte nywerheidsgebied moet ontwikkel, dat dit 'n 'motortown' moet word, ens. Dit is wel so dat 'n padstelsel eendag moontlik die gebied kan aantas (soos enige ander gebied van die stad waar nou ontwikkel word of nog sal word) en miskien sal ligte nyweraars of motorhandelaars vir hulle soort bedrywe daarin belangstel, maar waar die Departement nou self al met 'n duur blok woonstelle tot teen aan die gebied gevorder het en steeds die behoefte baie sterk en dringend voel vir die residensiële ontwikkeling van Goedehoop, is daar nou besluit dat sonder verdere versuim daarmee voortgegaan moet word.'

Die antwoord deur die stadsklerk, nadat hy verslae gekry het van verskillende staatsamptenare, bevat, in 'n brief gedateer 18 Desember 1968, verskeie redes waarom, na die mening van die Raad, 'dit op hierdie tydstip ongerade is om Goedehoop as 'n lae-koste woonbuurt te ontwikkel'.

Onder........../

Onder meer, kom die volgende in daardie brief voor:

> 'Oor die laaste paar jare was daar heelwat meningsverskil beide in die Raad en tussen die belanghebbende publiek daarbuite oor digtheid, sonering, hoogtes en vloerverhoudings. As gevolg daarvan het die Raad besluit om 'n firma van konsulterende stadsbeplanners aan te stel om eers 'n voorlopige ondersoek na die toekomstige ontwikkeling van Pretoria se middestad te doen wat dan gevolg kan word deur 'n meer deurtastende ondersoek. Om dié redes sou dit dus nie raadsaam wees om enige haastige beslissing in verband met die ontwikkeling van Goede Hoop te neem nie .............. Oor die loop van jare het die Raad 188 persele aangekoop............... Die rede waarom die Raad nog nie die hele gebied opgekoop het nie is omdat hy nie tot onteiening wou oorgaan nie en omdat heelwat van die huise nog in goeie bewoonbare toestand is. Volgens inligting aan my verstrek word 56 huise teen baie lae huur in Goede Hoop verhuur, terwyl 67 gesloop is omdat hulle nie meer in 'n goeie toestand was nie.
>
> Nog 'n rede waarom die Raad nie tot gedeeltelike ontwikkeling wou oorgaan voordat alle eiendomme in sy besit is nie, is omdat die wesenlike gevaar bestaan dat, as die Raad een stuk grond hersoneer vir woonstelgebruik sou almal in daardie gebied dieselfde rede kan aanvoer om ook woonstelregte te kry. U kan dus goed begryp dat die pryse dan die hoogtes sou ingeskiet het.'

Op 2 Oktober 1968 het daar 'n berig verskyn in "Die Hoofstad", 'n koerant wat in Pretoria uitgegee is, in verband met beweerde slumtoestande in die gebied geleë om en by Princesslaan in sentrale Pretoria en die berig bevat 'n klagte deur die eienaar van 'n kompleks huise dat die Departement weier om slopingspermitte uit te reik in verband met sekere slumgeboue. Die Sekretaris het sterk gereageer op hierdie berig en het 'n persverklaring uitgereik waarin onder andere gesê word dat dit die plig is van die gesondheidsbeampte en die Stadsraad om uitvoering te gee aan die bepalings van die Slumwet. Ook in hierdie verband skryf die Sekretaris

aan.. /

aan die stadsklerk op 3 Oktober 1968, en die volgende uittreksel uit die brief is ter sake:

> 'Mnr. Coetzee (wat tans in die bed met bronchitis is) het my telefonies opgedra om u te nader om asseblief dadelik u geneeskundige gesondheidsamptenaar na Professor Van der Walt se eiendomme te stuur. Hy wil graag vordering binne die volgende twee maande hê wat die opknapping van die wonings betref en ek hoop u beskou die saak in daardie lig want hy is klaarblyklik baie vasbeslote dat daar gou iets gedoen moet word om die eiendomme meer leefbaar te maak.
>
> Wat die res van die ou stadsgebied betref, sal dit waardeer word indien die amptenaar ook na wonings daar kan kyk (vanaf Visagiestraat af na Boomstraat en die kompleks tussen Boomstraat en Strubenstraat tot by Prinsloostraat) met die oog op stappe deur die Slumshof.'

'n Verslag is later ingedien deur die gesondheidshoof en 'n afskrif is aan die Sekretaris gestuur. Hieruit blyk dit dat die gesondheidshoof die nodige kennisgewing gestuur het aan betrokke eienaars van vervalle huise en dat tot 'n groot mate die nodige verbeterings aangebring was en dat daar nog besig is met ander nodige verbeterings. Onder datum 24 Desember 1968 het die Sekretaris 'n brief geskryf waarin sy Departement se houding duidelik geboekstaaf is. Die volgende uittreksels uit die brief is ter sake:

> 'U sal u herinner dat daar nou al vir die laaste 5 jaar oor Goede Hoop tussen ons twee instansies geredekawel word met myself in die positiewe stuwende posisie en die Stadsraad se organisasie (maar beslis nie al sy raadslede nie) in 'n remmende negatiewe posisie. Intussen verswak die gebied........
>
> Onder die omstandighede moet die Stadsraad die saak asseblief in die lig sien dat indien hy nie bereid is om nou self die Goede Hoop gebied te herbeplan en ontwikkel ingevolge die Behuisingswet en Wet op Gemeenskapsontwikkeling nie, die gebied beskou moet word as 'n gebied wat die Minister spesifiek ingevolge artikel 15(1)(a) van laasgenoemde

Wet...../

> Wet aan die Gemeenskapsontwikkelingsraad vir ontwikkeling opdra. Die uitwerking hiervan sal dan wees dat die Gemeenskapsontwikkelingsraad al die grond sal onteien, herbeplan en residensiële persele aan die Behuisingskommissie sal oormaak vir residensiële ontwikkeling .........
>
> Aangesien beide die Minister en die Behuisingskommissie hulle nou finaal in die saak gekompromiteer het, sal die Stadsraad begryp dat die Departement geen keuse het nie dan om onmiddellik met of sonder die samewerking van die Stadsraad met die herontwikkelingskema Goede Hoop voort te gaan. Die Minister het versoek dat die Stadsraad sy besluit binne een maand aan my bekend maak.'

In artikel 15(1)(a) van die Gemeenskapsontwikkelingswet No. 3 van 1966 word bepaal dat die Minister so 'n gebied kan aanwys sodat die ontwikkelingsraad hierdie geheel kan ontwikkel of met die ontwikkeling behulpsaam kan wees. In terme van subartikel (2)(e) kan hierdie raad by kennisgewing in die Staatskoerant en 'n nuusblad enige onderverdeling of verandering verbied sonder die goedkeuring van die raad. So 'n kennisgewing deur die ontwikkelingsraad word in briewewisseling en in persverklarings voor die Hof beskryf as 'bevriesing'.

Hierdie voorstelle deur die Departement was bespreek in 'n onderhoud wat die Sekretaris gehad het met die bestuurskomitee op 11 Februarie 1969 en die Sekretaris het toe onderneem om sy voorstelle op skrif te stel. Dit kan hier gemeld word dat die voorsitter destyds nie die eerste eiser was nie, maar 'n raadslid van vroeër, en die eerste eiser was toe 'n stadsraadlid, maar nie 'n lid van die bestuurskomitee nie. Die besluit van die komitee toe was dat die aangeleentheid

oorstaan in afwagting van 'n verdere skrywe van die Sekretaris. Die beloofde skrywe is 'n brief uit Kaapstad deur die Sekretaris gedateer 14 Februarie 1969 waarin die voorstelle van die Departement verduidelik is. Die ter/saaklike dele van daardie brief lui:

> 'Soos deur my onderneem, sit ek nou hierin vir Die Stadsraad se inligting die patroon uiteen van die vernuwingskema soos dit in die praktyk ontwerp en geïmplementeer sal word.
>
> Sy Edele die Minister van Gemeenskapsbou wys ingevolge artikel 15 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling die gebied aan vir ontwikkeling. Die implikasie hiervan is dat die Gemeenskapsontwikkelingsraad dan kragtens artikel 15(2)(e) die gebied kan bevries vir sover onderverdeling en bouwerk aangaan tensy die Raad daartoe toegestem het ........
>
> Die Gemeenskapsontwikkelingsraad sal sy gewone magte van onteiening binne so 'n gebied kan uitoefen .........
>
> Dienste (paaie, riolering ensovoorts) word deur die Stadsraad verskaf, indien nodig met 'n lening van die Gemeenskapsontwikkelingsfonds ...........
>
> Die Minister benoem van sy kant 'n Staatskomitee, waarin die Voorsitter van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ook dien, om saam met die Bestuurskomitee van die Stadsraad 'n vernuwingsplan uit te werk.'

Die voorstelle in die Sekretaris se brief van 14 Februarie 1969 is verwys na verskillende hoofde van die Stadsraadsafdelings vir ondersoek en verslag. In Junie- en Juliemaande het die twee eisers tesame met amptenare van die stadsraad en van die Departement, op versoek van die Departement, Germiston en Durban besoek om ondersoek in te stel in sekere gebiede wat tevore bevries was en waar die Departement besig was om hierdie dele te ontwikkel in terme van artikel 15 van die Wet. Volgens die getuienis van die eisers was

hulle..../

hulle van mening dat die probleme in Pretoria verskil van die probleme wat in hierdie gebiede ontstaan het en nog nie oortuig was dat ontwikkeling volgens die voorstelle van die Departement 'n goeie uitwerking sou hê in Pretoria nie.

Vroeg in Augustus 1969 was die verslag van die Stadsraad se beplanningsafdeling gereed en 'n afskrif is aan die Sekretaris gestuur en hy is daarna in kennis gestel dat die Stadsraad einde Augustus met hulle maandelikse vergadering 'n besluit sou neem in verband met hierdie aangeleentheid, maar dit kom voor dat die Departement en die verweerder al ongeduldig geword het en op 17 Augustus 1969 is 'n kennisgewing van aanwysing deur die verweerder gepubliseer en op 29 Augustus is kennisgewing vir bevriesing deur die ontwikkelingsraad gepubliseer. Op 21 Augustus 1969 is 'n persverklaring deur die verweerder uitgereik. Ek verwys na 'n paar ter saaklike aanhalings. Op die eerste bladsy het ons die volgende:

> 'Aangesien dit een van die doelstellings van my Departement van Gemeenskapsbou is, om in oorleg met plaaslike owerhede, aktiewe aandag aan die opruiming van vervalle gebiede en die daarstelling van stadsvernuwingskemas in sodanige gebiede te bewerkstellig, het my Departement reeds oor 'n tydperk van jare die Stadsraad van Pretoria se samewerking gesoek om 'n stadsvernuwingskema in 'n vervalle gebied in Pretoria-sentraal, insluitende die Goedehoopkompleks en die onmiddellike aangrensende gebiede ten ooste en ten suide daarvan, van stapel te stuur.
>
> Tot dusver kon die Stadsraad en my Departement nog nie daarin slaag om mekaar te vind oor die toekoms van die gebied nie en ek was gevolglik genoodsaak om van die magte wat deur die Gemeenskapsontwikkelingswet, 1966 (Wet No. 3 van 1966)

aan......./

aan my toevertrou is, gebruik te maak ten einde die herontwikkeling van die gebied nie langer te vertraag nie.'

Dan, op die volgende bladsy:

'Ek wil egter reeds in hierdie stadium daarop wys dat daar nog geen finale besluit oor die toekoms van die gebied geneem is nie en dat dit gevolglik nog nie moontlik is om 'n aanduiding te gee van welke eiendomme vir die herontwikkeling benodig sal word nie. Soos gebruiklik sal daar egter gepoog word om goeie geboue wat binne die herontwikkelingsplan inpas, te behou.

Ten slotte wil ek daarop wys dat die herbeplanning van die gebied volgens normale dorpsbeplanningsvoorskrifte sal geskied en dat die uiteindelike nuwe heruitlegplanne op die gebruiklike wyse geadverteer en bekend gestel sal word.'

Eerste eiser is deur die pers genader vir kommentaar in verband met die bevriesing en het ook 'n persverklaring dieselfde aand gemaak. Daardie verklaring lui soos volg:

'Ons is diep geskok deur hierdie besluit van die Minister. Ons het nog altyd in alle opsigte saam met die Regering gewerk en die feit dat hierdie optrede geskied sonder vooraf raadpleging met die Stadsraad is vir my onverstaanbaar. Ons is self tans besig met vier streeksbeplannings in Pretoria en twee daarvan geskied in samewerking met Gemeenskapsbou, naamlik die Highlands/Newlands/Eastwood-gebied en die ou Lady Selbourne-gebied. Ons het ook die samewerking van die Regering gevra ten opsigte van die herbeplanning van die hele Pretoria, maar dit was geweier. Ek moet reguit sê dat ek dit jammer vind dat 'n deel van Pretoria nou stuksgewys beplan word. Daar was wel onderhandelings op amptenaarsvlak, maar dit was nog nie gefinaliseer nie. Ekself het gaan kyk na die skemas wat die Departement in Germiston en Durban onderneem en ek het verwag dat daar ten minste verdere raadpleging op hoë vlak sou wees voordat so 'n besluit geneem word. Ek is uiters teleurgesteld en ontevrede. Ek kan net hoop dat die besluit heroorweeg sal word. Ek is verder teleurgesteld dat die Hoofstadbeplanningkomitee nie in hierdie besluit geken is nie!.

Op 7 Oktober 1969 is 'n vergadering gereël vir bespreking van die planne in verband met die bevriesde gebied. Fouché, adjunk-sekretaris van die Departement, is intussen aangestel as voorsitter van die Staatskomitee wat belas was met die beplanning van hierdie gebied. Die twee eisers en nog 'n stadsraadslid was teenwoordig, asook nog 'n stadsraadsamptenaar en nog 'n amptenaar van die Departement. Fouché het probeer om die stadsraadverteenwoordigers te oortuig dat die beplanning deur die Departement die beste uitwerking sal hê vir die ontwikkeling van die bevriesde gebied. Die notule van hierdie verklaring beloop 65 getikte bladsye en dit sou 'n onbegonne taak wees om die notule van bespreking hier weer te gee. Dit is genoeg om te sê dat daar nie eenstemmigheid bereik is nie en ook nie in verband met die versoek dat die stadsraad een of meer verteenwoordigers moet benoem om op die Staatskomitee te dien nie. Hierdie aangeleentheid is deur die bestuurskomitee bespreek op 31 Oktober 1969 en dit is besluit om aan die stadsraad aan te beveel dat die raad nie verteenwoordigers benoem om op die Staatskomitee te dien nie. Met die stadsraadsvergadering dieselfde aand is die aangeleentheid deur eerste eiser as voorsitter van die bestuurskomitee voorgedra en die aanbeveling is deur die stadsraad aanvaar. Die besluit van die stadsraad was die volgende:

'(a) Dat die Stadsraad ten sterkste beswaar maak teen die bevriesing van die betrokke gebiede.

(b) Dat die Stadsraad nie op hierdie stadium bereid is om die Bestuurskomitee of amptenare te benoem om in die Staatskomitee, of

op...../

> op die sub-komitee vir die opstel van die voorgestelde gedeeltelike gidsplan vir Pretoria soos by die Staatskomitee se vergadering van 31 Oktober 1969 genoem, te dien nie.'

Dit is nodig om ŉ paar aanhalings te lees uit die toespraak van die eerste eiser op hierdie datum. Hy het die geskiedenis geskets van die onderhandelinge met die Departement en die volgende gesê:

> 'En hoe langer ons oor die saak gedink het en hoe meer ons gesien het, hoe meer het ons oortuig geword dat daar geen regverdiging vir hierdie bevriesing in Pretoria is nie. ......... Hierdie besluit om te bevries is in elk geval teenstrydig met die Hoofstad-beplanning se eie besluite, en hulle het baie duidelik vir die vorige voorsitter van die Bestuurskomitee laat verstaan dat hulle voel dat hierdie gebied moet saam met die hele Pretoria herbeplan word indien daar enige herbeplanning is; dit kan nie op ŉ ad hoc basis geskied nie'.

Die verwysing hier is na die Hoofstadbeplannings-advieskomitee wat deur die Regering aangestel is ŉ paar jaar tevore onder voorsitterskap van Regter Marais om advies te gee in verband met die beplanning van Pretoria. Later sê die eerste eiser:

> 'Met hierdie bevriesing wil dit voorkom asof Gemeenskapsbou ontwikkeling wil forseer, ek maak hierdie afleidings na aanleiding van wat ons gesien het in Durban en in Germiston, ek weet nie hoe hulle dit gaan regkry nie.... Ons het die vraag gestel, waarom is hierdie gebied bevries? By verskillende geleenthede het die personeel dit aan die Senior personeel van Gemeenskapsbou gevra, ek het dit gevra op hierdie vraag het ons nog nooit 'n antwoord van Gemeenskapsbou kon kry nie. Maar ons vra verder: waarom is juis hierdie gebied bevries? Is dit nou maar omdat Goedehoop daar is, maar mens kan baie vrae vra. Waarom is daar nie ander dele van die stad bevries nie? Want

in...../

> in ander dele van ons stad is daar maar ook net sulke onbevredigende toestande soos in hierdie bevriesde gedeelte van, van Pretoria Sentraal. Die houding van die Stadsraad was nog altyd gewees dat Goedehoop nie geskik is vir behuising nie...... Hierdie grond is betreklik duur en ons weet dat goedkoper grond beskikbaar is as hierdie bevriesde gebied veral as jy dink aan ekonomiese of sub-ekonomiese behuising.'

Dan, ten slotte:

> 'Ek wil vandag by hierdie eerste vergadering van die Staatskomitee soos ek gesê het is hierdie versoek tot ons gerig. Nou sien u dat 'n mens moet aflei dat daar al klaar probleme ontstaan het. Omdat daar nou gevra word vir 'n gidsplan wat 'n groot gebied om hierdie bevriesde gebied moet behels is dit heeltemal duidelik dat dit nie moontlik is om aan te gaan met die beplanning van die gevriesde gebied nie voordat daar nie 'n gidsplan van die omliggende gebied beskikbaar is'.

Die verwysing hier is na 'n versoek deur die Staatskomitee aan die stadsraad vir 'n gidsplan in verband met die omliggende gebied."

Persberigte van eerste respondent se toespraak en die Stadsraad se besluit van 31 Oktober het appellant se optrede i.v.m. die aanwysing in 'n ietwat ongunstige lig weerspieël. Hierop het appellant onmiddellik gereageer deur middel van 'n onderhoud wat geplaas is in die uitgawe van die koerant "Dagbreek" van 2 November 1969 en waarin hy "drie aantygings", in eerste respondent se genoemde toespraak

bevat......../

bevat, uitdruklik verwerp het. Daarna het regter Marais, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Hoofstadbeplanningsadvieskomitee, tussenbeide getree, en op sy versoek is verdere samesprekings gereël tussen die twee respondente aan die een kant en die appellant en die Sekretaris (Mnr. Niemand) aan die ander kant. Sodanige besprekings het op 6, 12, 19 en 26 November plaasgevind. By die eerste twee was regter Marais teenwoordig. Die beweegrede daarvoor het regter Marais in sy getuienis soos volg verduidelik:

> "Ek sou dan as tussenganger of bemiddelaar tussen die twee instansies optree, om te kyk of daar nie 'n basis gevind kon word waarop hulle weer kon saamwerk nie. Want dit het daagliks duideliker geword dat die twee liggame al verder en verder weg van mekaar af dryf".

Die samesprekings op 12 November 1969 het egter op 'n dooie punt uitgeloop. Om weer uit regter Marais se getuienis aan te haal:

> "Die twee hoofpartye, die minister en mnr. Nel, het kwaad geword vir mekaar, en na langdurige samesprekings het dit gelyk asof ons nie daar tot 'n baie goeie oplossing kon kom nie".

Die kern van die verskil was die botsende sienswyses t.o.v. die herbeplanning van die betrokke gebied. Eerste respondent...../

Dit is vir my 'n diepe teleurstelling dat van al die groot stadsrade in die land die Stadsraad van Pretoria die enigste is wat weier om met slum-opruiming en stedelike vernuwing met my departement saam te werk. Ek as Minister het egter 'n plig om uit te voer wat my deur die Parlement opgelê is en daarom het ek besluit dat die Staatskomitee moet voortgaan met sy taak sodat die opruiming en ontwikkeling van die aangewese gebied en veral die opruiming van die haglike toestande waaronder byna 400 blanke gesinne woon, so spoedig moontlik kan plaasvind.

Om enige misverstand wat deur personderhoude deur mnr. Nel en ander persone veroorsaak is, uit die weg te ruim, skets ek nou hiermee die agtergrond van die hele saak want ek het volle vertroue dat die oorgrote meerderheid van Pretoria se stadsraadslede tot ander insigte sal kom as hulle al die nodige inligting tot hulle beskikking het.

Op 21 Augustus 1969 het ek 'n verklaring uitgereik waarvan die inleidende paragrawe soos volg gelui het:"

(Hier volg eers die twee paragrawe wat reeds hierbo in hierdie uitspraak aangehaal is, en daarna 'n bespreking en verduideliking van die uitwerking van appellant se optrede kragtens art. 15(1)(a) van die Gemeenskapsontwikkelingswet.)

"Na die verklaring is 'n heftige veldtog van Stadsraadskant teen die aanwysing van die gebied as 'n gebied wat opgeruim en vernu moet word, gevoer. Daar is verkeerdelik voorgehou dat ek die hele gebied vir 10 jaar lank 'bevries' het sodat geen ontwikkeling van enige aard in die tyd sou kon plaasvind nie. Wat werklik gebeur het......" (Appellant se verduideliking word dan uiteengesit).

"Mnr. Nel die Voorsitter van die Bestuurskomitee het ook volgens die pers op besliste wyse by 'n Stadsraadsvergadering van 31 Oktober verklaar dat die 'bevriesing' 'n refleksie op die status van die Stadsraad is. Wat 'n onsinnigheid wanneer die saak in perspektief gesien word!

Volgens die pers sou mnr. Nel by die vergadering gemeld het dat die Departement van Gemeenskapsbou nog nooit 'n bevredigende rede gegee het waarom die gebied 'bevries' is nie. Die rede vir my aanwysing

van...../

> van die gebied om vernu te word was nog altyd en is steeds puur en simpel dat die groot kompleks skaars 'n klipgooi ver van Kerkplein af in 'n liederlike vervalle toestand is en by die dag verder versleg maar niks word gedoen om diegene wat daar moet leef se woontoestande te verbeter nie............. Daar word verder om atmosfeer in 'n sogenaamde twis te skep, die volgende deur mnr. Nel en ander segsmanne (die pers noem hulle betroubare en ingeligte woordvoerders oor stadsake) na buite kwytgeraak:" (Agt sodanige bewerings word uiteengesit en beantwoord.)

Daarna word verdere verduidelikings "ter gerusstelling van alle belangstellendes" gegee; onder meer dat "vernuwing en herontwikkeling sal op higiëniese en ordelike, instede van lukraakse ("haphazard"), wyse geskied". Na vermelding van voorgestelde samewerking tussen die Staatskomitee, die Gemeenskapsontwikkelingsraad, die Provinsiale Administrasie en die Hoofstadbeplanningadvieskomitee, en na beklemtoning dat "die sakewêreld hoef ook nie onnodiglik bekommerd te raak oor ontwikkelingsprojekte nie" en 'n bewering dat mnr. Nel die moontlikheid van 'n Nie-blankespoorwegstasie in die gebied verkeerdelik sou voorspel het, sluit die verklaring soos volg af:

> "'n Laaste aspek omtrent die manewales om klimaat te skep teen die opruiming en vernuwing van die aangewese gebied is mnr. Nel se verklaring dat die Staat nie finansiële hulp aan die Stadsraad wil gee om 'n oorhoofse gidsplan vir Pretoria op te......../

> te stel nie ....................................
> Ek wil klem daarop lê dat ek nog nooit enige toestemming van die Stadsraad nodig gehad het vir my aanwysing van die gebied nie maar sy vriendelike samewerking is gevra. In belang van die gemeenskap word dit nog steeds verlang en ek het dit ook so persoonlik aan mnr. Nel die Voorsitter van die Bestuurskomitee gestel toe hy my pas by twee geleenthede gespreek het. Die Staatskomitee het ook by sy eerste vergadering op 31 Oktober self 'n vriendelike uitnodiging aan die Stadsraad gerig om 'n komitee te benoem om saam met die Staatskomitee te werk. Ek glo dat die samewerking wel nog sal kom want geen verantwoordelike plaaslike bestuur kan hom teen die belange van die gemeenskap in die algemeen en ongeveer 400 gesinne in die vervalle gebied in die besonder, van enige opheffings- en vernuwingsprojekte teenaan die historiese kern van sy stad distansieer nie. My Departement gaan intussen voort met sy taak om die gebied op te ruim."

Appellant het opdrag gegee dat 'n afskrif van hierdie verklaring aan elke stadsraadlid gestuur moet word, en dit is wel gedoen. Dit is nie onvanpas om ook hier daarvan melding te maak dat dit gemene saak is dat hierdie lang persverklaring van 13 November, behalwe slegs die eerste bladsy daarvan, deur die Sekretaris, in opdrag van die appellant, vóór die samesprekings van 12 November opgestel is. Appellant se getuienis in hierdie verband lui soos volg:

> "Ek het aan mnr. Niemand gesê dit is nou klaarblyklik die laaste vergadering, òf ons kom ooreen, òf ons kom nie ooreen nie. As ons nie ooreen kom nie, is ek heeltemal seker daarvan dat mnr. Nel met 'n persverklaring sal kom of het goeie rede om te dink. So, stel maar 'n persverklaring op, op die basis dat ons nie ooreen/kom nie."

Dit is ook gemene saak dat op die oggend van 13 November 1969, nog voordat die "Pretoria News" genoemde verklaring gedruk het, ~~is~~ eerste respondent deur 'n verslaggewer van daardie blad gevra is of hy enige kommentaar oor appellant se verklaring wou lewer. Dit was die eerste wat eerste respondent van die verklaring gehoor het. Nadat hy 'n afskrif van die verklaring vlugtig deurgelees het, het eerste respondent, na verskeie pogings, daarin geslaag om telefonies met appellant in verbinding te tree en hom versoek om die persverklaring terug te trek. Appellant het egter geweier om dit te doen, en die verklaring is in verskeie koerante geplaas.

Die volgende dag - 14 November 1969 - het eerste respondent 'n persverklaring uitgereik wat ook in verskeie koerante verskyn het. Daardie verklaring lui:

> "Ek wil nie op hierdie stadium in detail op die Minister van Gemeenskapsbou se verklaring kommentaar lewer nie.
>
> Indien die Minister egter die samewerking van die Stadsraad soek om die sogenaamde slumtoestande op te ruim sal die Stadsraad heelhartig met hom saamwerk.
>
> Ek het reeds op 12 November so 'n aanbod aan die Minister gemaak, maar hy het dit nie in sy verklaring genoem nie, en hy het dit op daardie dag van die hand gewys.

> Die Stadsraad sien egter nie kans om mee te doen aan die voorgestelde herbeplanning van 'n deeltjie van die middestad nie, omdat ons oortuig is dat so 'n gedeeltelike beplanning nie in belang van die stad as geheel is nie, veral daar ons op die punt staan om konsultante aan te stel om 'n nuwe gidsplan vir die hele Pretoria op te stel.
>
> Hierdie plan sal al die voorstelle ten opsigte van die nuwe deurweë, hoofpaaie, spoorweë, stadshernuwing, hersonering ens., ens. ko-ordineer en sal die basis vorm vir 'n hersiene stadsbeplanningskema.
>
> Die noodsaaklikheid vir die opstel van so 'n plan word reeds deur die volgende liggame erken: Die Staat, die Provinsiale Administrasie, die Gesagskomitee, die Advieskomitee vir Hoofstadbeplanning en die Stadsraad".

Op 14 November 1969 het eerste respondent middagete met regter Marais, op laasgenoemde se uitnodiging, genuttig. Luidens regter Marais se getuienis, het hy hierdie "finale poging" aangewend om 'n basis vir 'n ooreenkoms te probeer vind, "want dit het vir my voorgekom destyds, asof dit tot 'n groot mate persoonlikhede en temperamente is wat nou besig is om te bots". Gedurende die ~~noenmaal~~ ete het regter Marais eerste respondent vir sy "minimum voorwaardes" gevra. Eerste respondent se antwoord - soos hy, asook regter Marais, tydens die verhoor getuig het - was dat die Stadsraad volkome bereid is om met die Departement saam te werk om onbevredigende toestande op te ruim, "maar ons sien nie kans om toe te laat

dat...../

dat daar herbeplanning en hersonering plaasvind in hierdie gebied nie".

Dieselfde middag (Vrydag, 14 November 1969) het regter Marais 'n samespreking met appellant by laasgenoemde se woning gehad. Daar bestaan 'n skerp botsing tussen die getuienis van appellant en van regter Marais t.o.v. wat tussen hulle by daardie geleentheid ooreengekom is. Later in hierdie uitspraak sal ek meer volledig daarna verwys. Dieselfde aand (Vrydag, 14 November 1969) het regter Marais by sy huis 'n dokument getik wat soos volg lui:

> "Die Stadsraad sal vir die eersvolgende jaar sy heelhartige samewerking verleen aan die Staatskomitee ten einde ongewenste woontoestande in die bevriesde gebied uit die weg geruim te kry en die mense wat daardeur dakloos mag raak, te voorsien van onderdak. Die bevriesde gebied sal nie in die jaar herbeplan word nie. Die Stadsraad sal so gou moontlik die streekbeplanning van Pretoria, insluitende die bevriesde gebied, begin. Tot tyd en wyl die streekbeplanning vir die bevriesde gebied gefinaliseer is, sal die Stadsraad nie daarop aandring dat geen hervestiging van mense in skoongemaakte gedeeltes van die bevriesde gebied plaasvind nie. Na die proef jaar sal al die betrokkenes saam oorleg pleeg in die lig van die resultate wat verkry is en besluit oor verdere optrede".

Die volgende dag (Saterdag, 15 November 1969) is die aan-

geleentheid..../

geleentheid tussen regter Marais en eerste respondent oor die telefoon bespreek: regter Marais het sy hierbo-aangehaalde dokument - wat ek hieronder die "formule" noem - aan eerste respondent oor die telefoon voorgelees en eerste respondent het dit voorlopig aanvaar. Regter Marais het aan eerste respondent meegedeel dat appellant hom Maandag graag wou spreek en dat hy 'n afspraak moet maak. Sondag is 'n afskrif van die formule by eerste respondent se huis afgelewer en Maandag, 17 November 1969, is die formule deur regter Marais aan appellant gestuur met 'n dekbrief wat as volg lui:

> "Geagte Minister, Hierby is die 'formule' wat ek aan mnr. Philip Nel per telefoon voorgelees het en wat hy (met 'n tikkie aarseling) aanvaar het. Vanoggend bel hy my om te sê dat hy dit as 'n 'basis vir bespreking' beskou. Hy mag puntenerig wees oor 'n woord hier of daar. Hy sal u bel vir 'n afspraak. Ek hoop u sal u weg oopvind om maar geringere toegewings te maak solank die punte in die 'formule' nie aangetas word nie. Nel moet staatmaak op die oorredingskrag van sy mense en feite om dinge in die gewenste rigting te stuur; die presiese bewoording is klaarblyklik van geen belang nie. (Maar hy is natuurlik nie ervare in onderhandelings van hierdie aard nie). Alle voorspoed u toegewens. Die uwe, J.F. Marais."

Appellant se getuienis is dat toe hy regter Marais se formule gelees het, hy onmiddellik besef het

dat....../

> in die gebied sal voortgaan. Die Minister onderneem van sy kant dat die Stadsraad na 'n periode van 12 maande weer oorleg met hom kan pleeg wanneer daar in die lig van die resultate wat behaal is, besluit sal word oor verdere optrede."

Eerste respondent het sy afskrif van regter Marais se formule met die Klerk van die Stadsraad en die Direkteur van Stadsbeplanning, mnr. Gildenhuys, bespreek. As gevolg van daardie bespreking is nog 'n dokument opgestel. Hierdie dokument - bewysstuk J - lui:

> "Die Stadsraad van Pretoria gaan met graagte met die Staatskomitee saamwerk om slumopruiming in die gebied soos omskryf in Kennisgewing nr. 3026 van die Staatskoerant van 29 Augustus 1969 te bevorder en om mense wat as gevolg van sodanige optrede dakloos gelaat word van onderdak te voorsien.
>
> Die Stadsraad onderneem om so gou doenlik 'n omvattende beplanning van die hele Pretoria-gebied, insluitende voormelde gebied, te bewerkstellig. Tot tyd en wyl, maar minstens vir die eersvolgende jaar, sal die Staatskomitee geen herbeplanning of hersonering van die genoemde gebied doen nie.
>
> Die Stadsraad het verder geen beswaar dat persone of ondernemings op skoongemaakte of oop gedeeltes grond in die gebied ontwikkel met inagneming van dienste, verkeers- en vervoerprobleme en die Raad se bestaande Stadsbeplanningskema en Bouverordeninge nie.
>
> Na voltooiing van die gemelde omvattende beplanning of na afloop van die eersvolgende jaar, welke ookal die gouste mag wees sal die betrokke instansies oor verdere optrede t.o.v. die ontwikkeling in die gebied oorleg pleeg."

Op......./

Op Woensdag, 19 November 1969, het die derde samespreking plaasgevind. Teenwoordig was appellant, die Sekretaris, mnr. Gildenhuys en eerste respondent. Later het mnr. Fouché in die bespreking deelgeneem. Volgens die Sekretaris se getuienis, het eerste respondent, in antwoord op ŉ vraag van appellant, reeds aan die begin van die samespreking gesê dat hy nie regter Marais se dokument nie, maar wel sy eie dokument (d.w.s. bewysstuk J) wou bespreek. Laasgenoemde dokument is toe deur appellant deurgelees. Toe appellant by die tweede sinsnede van die tweede paragraaf in daardie dokument kom, het hy, luidens die Sekretaris se getuienis, met ŉ glimlag gesê: "Maar julle kastreer mos nou die Staatskomitee". Op ŉ later stadium van die bespreking het appellant eerste respondent se dokument (bewysstuk J) geneem, die woorde "maar minstens vir die eersvolgende jaar" deurgehaal en, aan die einde van die tweede paragraaf, sekere woorde bygevoeg. So gewysig, lui die laaste sinsnede van genoemde tweede paragraaf soos volg: "Tot tyd en wyl, sal

die....../

die Staatskomitee geen herbeplanning of hersonering van die genoemde gebied doen nie sonder die nouste raadpleging met die Stadsraad van Pretoria nie". Met hierdie aanpassing was eerste respondent egter nie tevrede nie want, so gewysig, het die dokument - soos eerste respondent dit in sy getuienis uitgedruk het - "die kernsin weggelaat".

In die loop van die bespreking - onder meer oor die kwessie van hersonering - is die Sekretaris se dokument (bewysstuk O) deur eerste respondent gelees, maar ook dit was nie vir hom aanvaarbaar nie. Op appellant se versoek egter het eerste respondent hierdie dokument weggeneem en dit met die Bestuurskomitee bespreek. Die inhoud van daardie dokument was nie vir die Bestuurskomitee aanvaarbaar nie. Op 26 November 1969 het eerste respondent dit aan appellant meegedeel en vir hom gesê dat die Bestuurskomitee by eerste respondent se dokument (bewysstuk J) volstaan.

Die volgende dag, 27 November 1969, het daar 'n spesiale vergadering van die Bestuurskomitee plaasgevind,

wat....../

wat ook deur 'n aantal Raadslede bygewoon is. Die vergadering het die Raad se vorige besluit van 31 Oktober bevestig en ook herbevestig dat eerste respondent se dokument (bewysstuk J) as 'n billike oplossing vir die probleem beskou word.

Op die aand van 28 November 1969 het 'n vergadering van die Stadsraad plaasgevind. Tydens hierdie vergadering - waarby lede van die pers aanwesig was - het eerste respondent twee toesprake gelewer oor twee afsonderlike items op die agenda, nl. "Bevriesing" en "Meesterplan vir Pretoria". In die loop van laasgenoemde toespraak het eerste respondent die kwessie van twee hoofstede te berde gebring. In sy toespraak oor bevriesing het eerste respondent 'n relaas van sy vier onderhoude met appellant op 6, 12, 19 en 26 November gegee en ook kommentaar gelewer oor die persverklaring wat appellant op 13 November uitgereik het.

Op 29 November het verskeie koerante berigte oor die vorige aand se stadsraadsvergadering bevat. Met uitsondering van "Die Hoofstad", 'n middagblad, het genoemde berigte die indruk gewek dat eerste respondent in een toe-

spraak melding van albei onderwerpe (d.w.s. bevriesing en Pretoria as enigste hoofstad) gemaak het. Onder die opskrif "GREEN LIGHT GIVEN TO MASTER PLAN", het die "Pretoria News", 'n middagblad, na die genoemde meesterplan en eerste respondent se sienswyse oor die afskaffing van die stelsel van twee hoofstede verwys, eerste respondent se verskeie onderhoude met appellant genoem, en 'n samevatting van die houding van die Stadsraad teenoor die bevriesing gegee. In verband met wat eerste respondent t.o.v. regter Marais sou gesê het, het die berig onder meer die volgende bevat:

> "Mr. Justice Marais (Chairman of the Capital Planning Committee) after talks with him and the Minister, drew up a draft agreement, accepted by both as a basis for agreement. It said, among other things, that the Council would for the forthcoming year co-operate with the State Committee ........ to eliminate undesirable conditions in the frozen area and rehouse the homeless, and the frozen area sould not be replanned during this period of a year ......... The Minister had amended the basic agreement, expressing it in very broad terms and omitting the clause about re-planning and any reference to it. 'Why? Who was behind this, after the Minister had accepted the basis?' asked Mr. Nel."

Die opskrif van die berig in "Die Transvaler", 'n oggendblad wat in Johannesburg uitgegee word, was:

"PRETORIA SE STADSRAAD KAP MIN. COETZEE".

Luidens...../

Luidens die kopstuk in hierdie berig, het eerste respondent in die loop van sy toespraak die vorige aand gesê dat appellant "is besig om die Stadsraad van Pretoria teen die Staat in die harnas te jaag ......". Nā verwysing na die "meesterplan vir die herbeplanning van die stad", wat ook 'n plan sou wees "om van Pretoria die enigste hoofstad van die Republiek te maak", het die berig voortgegaan:

> "Toe mnr. Nel verwys het na die geskil tussen sy raad en die Staat oor die bevriesing van 'n gedeelte van die stad wes van Kerkplein en die herbeplanning daarvan, het hy gesê die Minister het afgewyk van die basis van ooreenkoms daaroor wat hulle albei aanvanklik goedgekeur het.
>
> In die basis van ooreenkoms sê hy is besluit dat die bevriesde gebiede nie binne die volgende jaar herbeplan sal word nie. Die raad het so besluit omdat hy nie bereid is om net 'n deel van die stad te herbeplan vóór die meesterplan voltooi is nie.
>
> Die Minister het die beginsel van ooreenkoms oorboord gegooi, het hy gesê."

Toe hy hierdie berig in "Die Transvaler", en 'n berig in die "Rand Daily Mail" (ook 'n oggendblad) gelees het, het appellant, sonder om eers met eerste respondent, of enigiemand anders, in verbinding te tree, op 29 November 'n verslaggewer van die "Beeld" ontbied en aan hom 'n onderhoud vir

plasing...../

plasing in die volgende dag se uitgawe van daardie blad toegestaan. Nadat die verslaggewer sy berig opgestel het, het hy dit oor die foon aan appellant vir goedkeuring voorgelees. So goedgekeur, is die berig in die uitgawe van die "Beeld" van 30 November 1969 gepubliseer. Die berig (met nommers deur my aangebring om verwysing te vergemaklik) lui:

"<u>BLAAR STRIEM PRETORIA</u>.

Basta Hoofstad, Weg Met Slums.

1. Pretoria as enigste hoofstad. Dië gogga het weer kop uitgesteek in 'n verbasende aanval van 'n voormalige burgemeester en huidige voorsitter van die stad se bestuurskomitee op 'n Kabinetsminister. Die Minister het onmiddellik die idee doodgeslaan, maar meer sal seker oor die saak gehoor word.

2. Dit is mnr. Philip Nel wat die hoofstad-kwessie oopgekrap het in 'n vete wat hy teen die Departement van Gemeenskapsbou en mnr. Blaar Coetzee voer.

3. As mnr. Nel oorlog wil hê, sal hy dit kry, sê min. Coetzee.

4. Dit is geruime tyd dat die Departement en die Stadsraad onderhandel oor 'n agterbuurt wes van Kerkplein. Mnr. Coetzee wil dit herontwikkel.

5. Vrydagaand, op die maandelikse vergadering van die stadsraad, het mnr. Nel sy aanval op die Minister gedoen. Hy het gesê dat mnr. Coetzee afgewyk het van 'n basis van ooreenkoms wat die stadsraad en die Departement in die begin goedgekeur het.

6. Mnr.../

6. Mnr. Nel het toe gesê dat dit onredelik is dat ons land twee hoofstede moet hê. Die luukse, soos hy dit noem, kos jaarliks tussen R18 miljoen en R30 miljoen. Pretoria is die aangewese stad om administratiewe sowel as wetgewende hoofstad te wees. Hy het voorgestel dat die volk deur 'n referendum oor die saak besluit.

7. Terwyl die herbeplanning van die stad aangepak word, moet die stadsraad weet of voorsiening ook vir parlementêre geboue gemaak moet word, het mnr. Nel gesê.

8. Mnr. Coetzee sê hy het hom in die geskil tot dusver weerhou van aanvalle op enigiemand. Nou het mnr. Nel verkies om 'n 'redelik gemene persoonlike aanval' op hom te maak. 'Ek het die saak tot dusver in redelikheid en vriendelikheid bespreek soos andere wat teenwoordig was, kan getuig. Mnr. Nel weet wie hulle is.

9. 'Dit is nou vir my duidelik hy is nie vatbaar vir redelikheid en ordentlikheid nie. Mnr. Nel soek blykbaar oorlog en oorlog sal hy kry'.

10. Min Coetzee het vervolg: 'Ek wil dit in sy gesig sê: Mnr. Nel, u is skoon verspot oor die kwessie van die twee hoofstede. Dit is ongelooflik kinderagtig om dit in verband met hierdie kwessie van slum-opruiming te noem.

11. 'Ek beskuldig mnr. Nel dat hy sy stadsraad in die saak mislei het. Hy sê dit is nou oorlog tussen die staat en sy raad. Dis g'n stuk oorlog tussen die twee liggame nie. Dis tussen hom en my. Ek sal nie agter die staat skuil nie. Hy kan skuil agter wie hy wil'.

12. Mnr. Coetzee het aangestip waar hy meen mnr. Nel die stadsraad mislei het. Vir eers noem mnr. Nel dat die Minister van die 'basis van ooreenkoms' afgewyk het, 'n basis wat albei partye in die begin sou goedgekeur het.

13. 'Dis 'n onwaarheid. Daar was hoegenaamd geen basis van ooreenkoms nie. Net samesprekings. Hy weet wie teenwoordig was, en ek daag hom uit om die bewyse by enigeen wat teenwoordig was, te verkry dat ons 'n ooreenkoms bereik het.

14. 'Ek en my departement sukkel van die begin van die jaar om met hom en sy stadsklerk 'n ooreenkoms te bereik, maar hulle twee weier botweg.

15. 'Nou sal ek aan die publiek sê waarom ek die gebied bevries het; omdat mnr. Nel en sy stads-

klerk.../

klerk hul plig skreiend versuim het. Binne 'n klipgooi van Kerkplein is die ergste krottoestande wat 'n skade is vir enige stad, laat staan nog die stad wat dan die enigste hoofstad van Suid-Afrika wil wees.

16. 'My departement het die stadsklerk se aandag gevestig op die toestande en gesê blankes mag in geen omstandighede so lewe nie. Ek het ook gewys dat die Slumwet 'n verpligting op hulle plaas om die toestande op te ruim. As hulle dit nie doen nie, sal ons iets aan die saak doen.

17. 'Toe eers - en nie vroeër nie - stuur hulle 'n gesondheidsinspekteur wat twaalf huise afkeur as ongeskik vir bewoning. Nou kan mnr. Nel self besluit of hy sy werk nie kan doen nie of net moedswillig is.'

18. Mnr. Coetzee sê hy doen slum-opruiming liefs met die samewerking van plaaslike besture. Hy vind nou dat Pretoria die enigste stad is wat weier om saam te werk. Vroeër het die Sap-stadsraad van Kaapstad geweier om saam te werk met die opruiming van Distrik Ses, maar vandag werk hy saam.

19. Dit geld ook vir Port Elizabeth se raad met betrekking tot Noordeinde; Oos-Londen en Suideinde; Durban met Cato Manor en Riverside; Johannesburg met Vrededorp en Jeppe en Germiston met Georgetown. Pretoria is die enigste uitsondering.

20. 'Mnr. Nel sê nou ek moet wag met my ontwikkeling tot sy oorhoofse beplanning klaar is. Die plan sluit tot my verbasing in die verskuiwing van die Parlement na Pretoria. Voor die bevriesing het hy aangegaan met die ontwikkelingsplan wat al 25 jaar oud is en wat in sy eie woorde al 200 keer verander is.

21. 'Daar is 400 blanke gesinne wat in die treurigste omstandighede denkbaar in die vasgepende gebied woon.

22. 'Ek sien nie kans om 400 blanke gesinne in krotte te laat woon totdat mnr. Nel eendag die parlement in Pretoria het nie. Hy kan lawaai soveel as wat hy wil. Ek het nie sy toestemming nodig om 'n gebied te bevries of te ontwikkel nie. Maar ek soek samewerking, wat ek by almal behalwe hom kry.

23. 'Ek sien nie langer kans om met so 'n man te onderhandel nie.' het min. Coetzee gesê."

Appellant se pleit bevat 'n ontkenning dat deur sy verklaring, soos dit in die hierbo-aangehaalde "Beeld"-berig verskyn het, hy die huidige respondente belaster het; maar in hierdie Hof is dit - heeltemal tereg - nie betoog dat die berig nie lasterlik van respondente is nie. Die berig - meer bepaald daardie dele daarvan genommer 9 tot 15 - is klaarblyklik lasterlik van beide respondente. Appellant se alternatiewe pleit is dat hy nie die bedoeling gehad het om enigeen van die eisers te belaster nie en dat hy die genoemde verklaring <u>bona</u> <u>fide</u> in die geloof dat wat hy gesê het waar is, uitgereik het. Op grond van 'n aantal bewerings in die pleit uiteengesit, sluit daardie dokument so af:

> "In die vooropstelling was die geleentheid van die saak van die genoemde persverklaring gepriviligeerd, en het dit geskied sonder <u>animus</u> <u>injuriandi</u>".

Dit is nie nodig om na die pleitstukke, wat insluitende die nadere besonderhede ongeveer 70 bladsy beloop, volledig te verwys nie. Die essensie van appellant se verweer is dat, vanweë die houding deur beide respondente teenoor die

aanwysing.../

aanwysing ingeneem, en vernaamlik vanweë sekere bewerings bevat in eerste respondent se toespraak van 28 November soos in die koerante van die volgende dag weergegee, hy (appellant) 'n plig, 'n reg en 'n belang gehad het (en nou haal ek aan uit par. 5(k) van appellant se pleit) -

> "om deur die medium van 'n verklaring aan 'n nuusblad soos die Beeld,
>
> (i) te antwoord en kommentaar te lewer op die genoemde bewerings uiteengesit in die voorafgaande sub-paragraaf;
>
> (ii) om sy weergawe te vermeld van die gebeure en feite wat Eerste Eiser heet te beweer het, en in besonder oor die beweerde ooreenkoms;
>
> (iii) om die redes wat by hom geweeg het om in die eerste instansie die betrokke gebied aan te wys kragtens die wet, te verstrek en/of verder toe te lig;
>
> (iv) om homself te verweer teen die aantygings en insinuasies wat deur Eerste Eiser gemaak is;
>
> en om vir die doel dit te sê wat in die genoemde persverklaring vervat is, alles waarvan vir gemelde doel ter sake was."

Die "voorafgaande sub-paragraaf" in par. 5(k)(i) van die pleit vermeld, verwys na die teks van eerste respondent se toespraak wat, kragtens besluit van die Stadsraad, aan appellant gestuur is. Daardie teks het egter appellant bereik eers nadat hy sy gewraakte verklaring al gemaak het. Soos

reeds...../

reeds gemeld, het appellant in sy genoemde verklaring inderdaad uitsluitlik op koerantberigte van eerste respondent se toespraak gereageer.

In sub-par. 5(k)(ii) van die pleit word na 'n "beweerde ooreenkoms" verwys. In par. 12 van die gewraakte berig van 30 November 1969 word melding gemaak van 'n "basis van ooreenkoms", en daardie uitdrukking kom ook in die hierbo-aangehaalde passasie uit "Die Transvaler" van 29 November voor. Luidens regter Marais se dekbrief aan appellant van 17 November, sou eerste respondent na regter Marais se formule as 'n "basis vir bespreking" verwys het. In die loop van sy toespraak in die Stadsraadsvergadering op 28 November het eerste respondent egter inderdaad dàardie formule 'n "basis vir ooreenkoms" en 'n "basiese ooreenkoms" genoem. Hierdie verskillende beskrywings is egter nie van belang nie. Dit gaan hier nie om kontraksluiting nie. Wat hierdie aspek van die saak betref, is die wesenlike verskil tussen die partye die kwessie van herbeplanning van die aangewysde

gebied...../

gebied. Appellant het getuig dat hy tydens die samespreking op 14 November vir regter Marais gesê het dat hy bereid is om die hele aangeleentheid verder te bespreek en ook om vir 'n jaar met die Stadsraad saam te werk, maar dat hy nie kon toelaat "dat in hierdie jaar nie ontwikkeling plaasvind nie". In sy getuienis het appellant verder uitdruklik ontken dat hy ooit ingestem het dat vir 'n tydperk van 'n jaar geen herbeplanning in die aangewysde gebied sou plaasvind nie. Dat eerste respondent in sy genoemde toespraak te kenne gegee het dat appellant van so 'n ooreenkoms eensydiglik sou afgewyk het, is een van die vernaamste oorsake van appellant se verontwaardiging t.o.v. daardie toespraak. Soos reeds hierbo gemeld, is regter Marais se weergawe van wat ooreengekom is tydens sy samespreking met appellant in laasgenoemde se woning op die namiddag van Vrydag, 14 November 1969, teenstrydig met appellant se relaas. Wat hierdie teenstrydigheid betref, het die geleerde verhoorregter appellant se relaas verwerp, en hom onder meer soos volg daaroor uitgelaat:

"Ek...../

> "Ek het geen twyfel dat die verweerder sy gedagte verander het nie en dat die beskuldiging dat hy van die basis afgewyk het, gegrond was".

Hierdie bevinding is voor ons deur appellant se advokaat aangeval. Op 14 November 1969 was die aanwysing van die betrokke gebied al lankal 'n voldonge feit, en die Staatskomitee is al benoem; onder daardie omstandighede is dit - so is betoog - op sigself onwaarskynlik dat appellant, selfs sonder om dit eers met die Sekretaris te bespreek, met geen herbeplanning van die aangewysde gebied sou ingestem het. Appellant se onderstreping op Maandag, 17 November, van die sinsnede in regter Marais se formule en die "Nee" wat hy daarlangs geskryf het, is - aldus die betoog - verdere stawing van appellant se relaas van die samespreking tussen hom en regter Marais. Ofskoon laasgenoemde wel die woord "herbeplanning" in sy formule gebesig het, is dit moontlik, so is verder betoog, dat hy nie die begrip "herbeplanning" volkome verstaan het nie. In hierdie verband is onder meer deur appellant se advokaat daarop gewys dat bewysstuk J, wat

later....../

later deur eerste respondent en die Bestuurskomitee opgestel is, die woorde "geen herbeplanning of hersonering" bevat. Verdere bevestiging van appellant se relaas is - so is betoog - in die samesprekings op 19 November te vinde. In dié verband word daarop gewys dat ~~met~~ by daardie geleentheid wou eerste respondent nie regter Marais se formule nie, maar wel sy eie (bewysstuk J) bespreek, en dat hy gedurende die samesprekings hom nie daarop beroep het dat appellant die vorige dag 'n onderneming van "geen herbeplanning" aan regter Marais sou gegee het nie. Hierdie faktore waarop appellant se advokaat steun is nie sonder 'n mate van oorredingskrag nie; maar daar bestaan ook ander faktore wat in oorweging geneem moet word.

Wat die samesprekings op 19 November betref, het eerste respondent getuig dat appellant nooit die formule van regter Marais in twyfel getrek het nie en, verder, dat daar nie ~~met~~ by daardie geleentheid deur appellant na enige verskil tussen regter Marais se formule en bewysstuk J verwys is nie.

Die......../

Die gesprek het meesal gegaan oor die feit dat die Departement se voorstel (bewysstuk O) nie 'n bepaling teen herbeplanning bevat het nie. In hierdie verband het eerste respondent onder meer soos volg getuig:

> "Ek het met 'n minister onderhandel en ek het aangeneem dat hy self besef wat die basis is en toe ek hom gewys het dat die sinsnede uitgelaat is, het ek dit moontlik as genoegsaam beskou dat die Minister besef dat ek dit nou onaanneemlik vind as daardie sinsnede uitgelaat is."

Pertinent gevra of hy aan appellant die "vinger van verwyt getoon het" t.o.v. wat hy met regter Marais sou ooreengekom het, het die eerste respondent verder getuig:

> "Ek het daarop gewys dat daardie sinsnede word nie vervat in die Minister se voorstel nie.
> In die Minister se voorstel nie. Wat was sy antwoord daarop?-- Ek het dit netnou al gesê, dat die Minister het gesê hy kan dit nie in sy ooreenkoms insit nie omdat dit hulle taak te veel sal bemoeilik of iets in dier voege.
> En het u die argument toe verder gevoer en gesê maar al maak dit dit moeilik, maar u, mnr. die Minister, het dit ooreengekom met regter Marais, of ingestem dat daardie formule so kan bly?-- Ek glo nie ek het sover gegaan om tot daardie mate met die Minister te argumenteer nie. Die Minister was bewus van die feit dat ek dit aan hom gestel het dat hierdie sinsnede uitgelaat is."

Dit word deur appellant erken dat op die namiddag

van....../

van 14 November regter Marais hom gevra het om met sekere aangestipte punte in te stem, maar appellant ontken dat hy sy toestemming tot enige punte verleen het. In hierdie verband het appellant soos volg getuig:

> "Het hy vir u gevra of u instem tot daardie besondere punte?— Dit was moontlik dat hy my gevra het, ek het op geen punte ingestem nie. Dit was bloot 'n bespreking, bloot 'n bespreking sonder enige ooreenkoms of sonder dat ek toegegee het op enige punt".

Te alle saaklike tye was die Stadsraad bereid om met die Departement t.o.v. die slumopruiming saam te werk. Die vernaamste geskilpunt was die voorgestelde werksaamhede van die Staatskomitee en, meer bepaald, die kwessie van herbeplanning en hersonering van die reeds aangewysde gebied. Soos appellant self in sy getuienis die posisie beskryf het:

> "Mnr. Nel wou nie hê dat die Staatskomitee moet die hele ding oorneem nie. Hy wou nie hê dat hulle moet herbeplan of hersoneer of wat hulle ook al moet doen nie......... In hierdie hele verskil van mening, tussen mnr. Nel en sy mense en tussen my en my departement, het (dit) gegaan oor die kwessie van herbeplanning".

Op 14 November 1969 was die kwessie van herbeplanning die enigste wesenlike geskilpunt wat nog oorgebly....../

bly het. Vorige lang besprekings het op 'n dooie punt uitgeloop. Die vooraf opgestelde persverklaring van 13 November was alreeds uitgereik. Regter Marais het die samesprekings van 6 en 12 November bygewoon, en was dus heeltemal op hoogte van sake toe hy op 14 November as bemiddelaar opgetree het. In sy persoonlike onderhandelings met eerste respondent en appellant op daardie dag, het hy derhalwe van meet af aan goed besef dat die kwessie van herbeplanning die kern van die nog bestaande botsende sienswyses was. Tydens die middagete op 14 November, het eerste respondent sy standpunt oor herbeplanning duidelik aan regter Marais gestel, en daardie middag het die samespreking tussen regter Marais en appellant plaasgevind. Tydens daardie samespreking het regter Marais eerste respondent se voorwaardes vir samewerking aan appellant oorgedra. Dieselfde aand het regter Marais sy formule opgestel, en dit bevat die sinsnede:

> "Die bevriesde gebied sal nie in die jaar herbeplan word nie".

Onder......./

Onder die omstandighede wat ek hierbo genoem het, is dit - so kom dit my voor - hoogs onwaarskynlik dat regter Marais enigsins die kardinale kwessie van herbeplanning kon misverstaan het, of dat hy appellant se houding daaromtrent verkeerdelik kon vertolk het. Afgesien egter van die waarskynlikhede, is regter Marais se getuienis i.v.m. sy samespreking met appellant op die middag van 14 November duidelik en ondubbelsinnig. Onder meer het hy die volgende gesê:

> ".... hy (appellant het toe uiteindelik, nadat ons sake na dié kant toe oorweeg het en na daardie kant toe oorweeg het, ingestem dat die Stadsraad en die Departement op daardie basis wat mnr. Nel voorgestel het, en wat ek aan hom oorgedra het, dat daardie twee liggame op daardie basis kan saamwerk".

Onder lang kruisverhoor het regter Marais in sy getuienis geensins geswig nie. Onder meer het hy bevestig dat die woord "herbeplanning" dwarsdeur die besprekings met appellant gebruik is, en dat, alhoewel appellant eers ietwat teengestribbel het, hy uiteindelik tot geen herbeplanning vir n jaar ingestem het. Regter Marais se getuienis op hierdie punt is heeltemal onversoenbaar met dié van appellant.

Daar..../

Daar bestaan geen ruimte vir misverstand nie. In hierdie verband, is dit slegs nodig om nog twee passasies uit regter Marais se getuienis onder kruisondervraging aan te haal, naamlik:

> "Daarom wil ek dit aan u stel, as mens ook in gedagte neem, Regter, dat hy, volgens u begrip daarvan, dat hy sonder om sy Sekretaris te raadpleeg, sonder om sy Departement te ken in die geval, dat hy dan ...../-- Mnr. Coetzee het verwys na mnr. Niemand in die loop van hierdie gesprek, en veral ten opsigte van die jaar. Toe het hy gesê, ek weet nie wat Niemand van hierdie ding sal sê nie. Maar ek het aangeneem die Minister was in staat om mnr. Niemand reg te leer as hy nie so wou optree nie....................
>
> Die Vrydagmiddag by sy huis, hy sal saamstem dat u voorstelle aan hom oorgedra het van wat Nel verlang, as deel van 'n oplossing van die verskil tussen hulle, maar hy sal nie erken dat hy ingestem het tot staking van beplanning vir 'n jaar nie?-- Ja nee, dit kan ek nie aanvaar nie, want dit was eintlik die kern van die hele situasie. As hy daartoe nie sou ingestem het nie, dan sou ek dit daar gelaat het vireers, ek sou nie eens mnr. Nel gebel het nie, of as ek hom gebel het, sou ek vir hom gesê het, kyk ons haak nog altyd oor die jaarmoratorium. Maar ek was in elk geval heeltemal seker dat hy toegestem het tot die jaar-moratorium, of uitstel van herbeplanning, omdat ek gemeen het nou is die saak wesenlik afgehandel, en dat die Minister en mnr. Nel nou mekaar sal vind sonder enige moeite".

Regter Marais se getuienis is deur die verhoorhof aanvaar.

Na my mening bestaan daar geen genoegsame rede wat hierdie Hof sou regverdig om van die hierbo-aangehaalde feitebevinding van die verhoorhof (naamlik dat appellant "sy gedagte verander het" en dat hy "van die basis afgewyk het") te verskil nie.

Die aanwysing van die betrokke gebied was seer sekerlik 'n saak van belang vir die inwoners van Pretoria, en die daaropvolgende polemiek wat tussen appellant en sy departement aan die eenkant en eerste respondent en die Stadsraad aan die anderkant ontstaan het, het aansienlike publisiteit in die koerante ontvang. As die hele feitekompleks van die aangeleentheid in ag geneem word, kan dit, na my mening, dus aanvaar word dat na eerste respondent se toespraak van 28 November daar 'n bevoorregte geleentheid ontstaan het waarkragtens appellant 'n reg en 'n belang gehad het om, deur medium van 'n verklaring aan 'n nuusblad, op genoemde toespraak te antwoord. Ek het hierbo doelbewus die konvensionele en geykte woorde "'n bevoorregte geleentheid" gebruik want, na my mening, is dit vir die beslissing van hierdie saak nie nodig nie om enige opinie uit te spreek oor sekere kwessies van terminologie wat ontstaan het uit 'n paar van hierdie Hof se beslissings en wat in Wentzel v. S.A. Yster en Staalbedryfsvereniging en Andere, 1967

(3) S.A. 91 (T) te bl. 96 - 99 bespreek is. Vir die doeleindes van hierdie appèl, sal ek ten gunste van appellant aanvaar dat die bewyslas op respondente rus om animus injuriandi (in die sin van 'n oogmerk of bedoeling om te krenk: vide Geyser en 'n ander v. Pont, 1968 (4) S.A. 67 (W) te bl. 74 en gewysdes daar genoem) te bewys, en dat respondente nie kan slaag tensy hulle hul van daardie bewyslas kwyt nie (Nydoo en Andere v. Vengtas, 1965 (1) S.A. 1 (A) te bl. 20 - 21).

Ek het alreeds gemeld dat eerste respondent se gebruik, in die loop van sy toespraak op 28 November, van die beskrywings "'n basis vir ooreenkoms" en "'n basiese ooreenkoms", nie van belang is nie. Maar dit is nogtans in daardie verband toepaslik om hier ook te meld dat die nadere besonderhede verstrek ter aanvulling van appellant se pleit dat hy onder die bona fide geloof verkeer het dat wat hy in die gewraakte berig gesê het waar is, onder meer die volgende bevat:

"Eerste..../

"Eerste Eiser het dit aan Eerste Verweerder toegedig dat hy 'n 'basis van ooreenkoms' of 'n 'basiese ooreenkoms' wat die partye volgens Eerste Eiser aangegaan het, repudieer of eensydiglik gewysig het, welke aantyging vals was aangesien die partye nooit so 'n basis van ooreenkoms of basiese ooreenkoms bereik of aangegaan het nie; ............
.........................................
Soos reeds gemeld het Eerste Eiser in die genoemde toespraak van 28 November 1969, aan sy Raad voorgedoen dat 'n 'basis van ooreenkoms' of 'basiese ooreenkoms' tussen die partye aangegaan of bereik is, wat as deel daarvan dit vervat het dat:-
'die bevriesde gebied sal nie in die jaar herbeplan word nie'. Dit was inderdaad nie so nie, die partye het nie 'n basis van ooreenkoms bereik of 'n basiese ooreenkoms aangegaan met die aangehaalde inhoud nie. Die Stadsraad is egter deur Eerste Eiser oorreed om te aanvaar dat wat hy voorgedoen het, waar en korrek is."

Hierdie kwessie, wat eintlik appellant se hoofbeswaar teen eerste respondent se genoemde toespraak is, kom in paragrawe 12 en 13 van die gewraakte berig voor en ~~dit~~ daar word, in dieselfde strekking, herhaaldelik in appellant se getuienis na verwys. In die lig van die hierbogemelde feitebevinding t.o.v. wat tussen regter Marais en appellant ooreengekom is, moet hierdie beswaar verwerp word. Derhalwe kan genoemde beswaar nie as regverdigingsgrond vir die bewerings in paragrawe 12 en 13 van die gewraakte berig dien nie (*Basner v. Trigger*, 1946 A.D. 83, te 105).

Verdere....../

Verdere gronde waarop, volgens sy nadere besonderhede, appellant sy hierbogemelde bona fide geloof gebaseer het, is die volgende: In sy toespraak van 28 November sou eerste respondent geïmpliseer het dat appellant -

(i) worstel ten einde te verseker dat sy departement wat in n penarie sou beland het, met n mate van aansien daaruit kom;
(ii) foutiewe en verkeerde bewerings in sy persverklaring van 13 November gemaak het;
(iii) nie verwag kan word om te verstaan dat n dorpaanlegskema gedurig aangepas moet word by ontwikkeling nie;
(iv) van "manewales" beskuldig kon word;
(v) verdeeldheid in die Stadsraad van Pretoria probeer bewerkstellig het;
(vi) besig was om die Stadsraad van Pretoria in die harnas teen sy departement te jaag.

Ek sal later weer na hierdie bewerings ~~weer~~ verwys. Op hierdie stadium wil ek slegs meld dat items (iii) en (iv) nie in die oggendkoerantberigte van 29 November van eerste respondent se toespraak voorkom nie. Item (iii) is n ietwat gewronge, maar miskien n moontlike, afleiding van wat eerste respondent inderdaad in die loop van sy genoemde toespraak gesê het. Wat item (iv) betref, kom daar wel in eerste

respondent..../

respondent se genoemde toespraak die volgende sinsnede voor:

"Wie moet nou van manewales beskuldig word".

Dit moet egter onthou word dat appellant self eerste die woord "manewales" gebesig het, want in sy persverklaring van 13 November het hy onder meer gesê:

> "Die laaste aspek omtrent die manewales om klimaat te skep teen die opruiming en vernuwing van die aangewese gebied is mnr. Nel se verklaring dat die Staat nie finansiële hulp aan die Stadsraad wil gee om 'n oorhoofse gidsplan vir Pretoria op te stel nie."

Soos blyk uit die samevatting aan die begin van hierdie uitspraak van die gebeure voor die aanwysing van die betrokke gebied op 17 Augustus 1969, was daar vertraging deur die Stadsraad met beantwoording van die Departement se briewe en om aan laasgenoemde se versoeke te voldoen. Met die noodsaaklikheid vir, of met die meriete van, die aanwysing het hierdie Hof niks te make nie, en ek wil geensins enige mening daaroor uitspreek nie. Feit is egter dat die Stadsraad konstant standpunt teen die Departement se voorstelle t.o.v. die betrokke gebied en, meer bepaald, teen die aan-

wysing...../

wysing van die gebied, ingeneem het. Dit is ewe duidelik dat appellant eerste respondent, en in 'n ietwat mindere mate, tweede respondent, met die weerstand teen sy optrede geïdentifiseer het en hulle daarvoor geblameer het. In appellant se persverklaring van 13 November word eerste respondent dikwels by name genoem; en appellant se opdrag dat afskrifte van daardie verklaring na elke Stadsraadlid gestuur moet word, sowel as sy weiering van eerste respondent se versoek dat die persverklaring nie uitgereik word nie, is verdere bewys van die houding wat appellant alreeds op daardie datum teenoor eerste respondent ingeneem het. Daardie houding is trouens deur appellant self in sy getuienis helder beskryf. In verband met sy persverklaring van 13 November, het appellant onder meer die volgende gesê:

> "Hoe het u die benadering van die eerste eiser, mnr. Nel, in die stadsraad of elders gesien. Wat was u oordeel daarvan?-- Hoe bedoel u nou?
>
> Het u dit gesien as 'n instemming tot die standpunt of as 'n beswaarmaking of as verset of as veldtog of hoe het u dit gesien?-- Hy is die grootste moeilikheidmaker wat ek nog in my lewe teëgekom het, maar hy het nou ongelukkig met die verkeerde man moeilikheid gemaak. Ek het van sy standpunt niks gehou nie, totaal en al nutteloos, onverantwoordelik, myns insiens."

Dat......./

Dat appellant die weerstand van die Stadsraad ergerlik gevind het, is verstaanbaar; maar sy genoemde houding teenoor eerste respondent kom my as ongeregverdig voor. Eerste respondent het in sy hoedanigheid as voorsitter van die Bestuurskomitee ('n amp wat hy eers vanaf 20 Mei 1969 beklee het) namens die Stadsraad met appellant se departement onderhandel. Dit is na my mening vanselfsprekend dat eerste respondent binne die bestek van die hierbogemelde Stadsraadbesluit van 31 Oktober 1969 moes onderhandel. In sy toespraak van 28 November het eerste respondent verslag gedoen van sy samesprekings met appellant en ook op sekere bewerings in laasgenoemde se persverklaring van 13 November geantwoord. Dit was toe al alte duidelik dat die twee instansies - die Departement en die Stadsraad - nie mekaar kon vind nie, en dit was die toedrag van sake waaroor eerste respondent gepraat het. Eerste respondent se toespraak het wel kritiek bevat maar, na my mening, kan die toespraak, in sy geheel gelees, beswaarlik as 'n "verbasende aanval" op appellant beskryf word. Die blote feit dat in die loop van sy toe-

spraak eerste respondent sekere kritiek - onder meer, die hierbogenoemde "impliserings" in appellant se pleit geopper - teenoor appellant en sy departement uitgespreek het, kan nie, na my mening, op sigself as genoegsame regverdigingsgrond aanvaar word nie om lasterlike bewerings t.o.v. eerste respondent te maak. Dit is nie onvanpas om hier te meld dat die Stadsraadbesluit van 31 Oktober nie slegs deur die Stadsraadvergadering op 28 November herbevestig is nie, maar dat by laasgenoemde vergadering eerste respondent se optrede in sy samesprekings met appellant ook spesifiek goedgekeur is. Appellant se bewering dat "die Stadsraad het sy hande nie gebind nie, hy (d.w.s. eerste respondent) het die Stadsraad se hande gebind" word nie deur die getuienis gestaaf nie.

Appellant se genoemde houding teenoor eerste respondent kan in die gewraakte berig duidelik bespeur word. Die hele strekking van die berig is 'n aanval op eerste respondent, en in mindere mate ook op tweede respondent. Dit word inderdaad deur appellant self erken. Ek haal aan uit sy getuienis onder hoofondervraging:

"Nadat..../

> "Nadat u hierdie twee berigte (d.w.s. die berigte in 'Die Transvaler' en die 'Rand Daily Mail') vir insae gehad het, het u enige besluit geneem omtrent wat die gepaste optrede behoort te wees?-- Toe ek hierdie gelees het toe het ek dit beskou as 'n beledigende aanval op my en 'n beledigende aanval op my Departement en ek het dit goed genoeg geag om so gou as moontlik dit te ontken en 'n aanval op mnr. Nel en op die Stadsraad en op sy bestuurskomitee te doen en ek het dit gedoen by wyse van my onderhoud wat ek met die Beeld gehad het".

Soos reeds genoem, het appellant uitsluitlik op die oggendkoerantberigte van eerste respondent se toespraak van die vorige aand gereageer. Onder kruisondervraging in daardie verband, het appellant die volgende antwoord gegee:

> "Volgens die koerante het hy dit gesê en al het hy dit nie gesê nie, dan sou ek dit nog ontken het, want dit was 'n aanval op my my gewees".

Verder gevra of dit nie beter sou gewees het, toe "Die Beeld" se verslaggewer die berig wat hy opgestel het aan hom voorlees, om eers te besin nie, het appellant geantwoord:

> "Nee, ek sou eerder gedink het dat ek 'n bietjie kwaaier moes gewees het".

Ietwat later onder kruisondervraging, het appellant dit gesê:

> "Ek is geregtig om my departement te verdedig in die taal wat ek goed dink".

Gekruisvra i.v.m. par. 9 van sy gewraakte verklaring, het

appellant....../

appellant gesê:

> "O, hy wil nie oorlog maak as hy my vals beskuldig het dat ek kontrak verbreek het nie, nê? Dit is nie oorlog nie, nê? As hy vir my valslik kom beskuldig dat ek 'n ooreenkoms eensydig verbreek het, dit is nie oorlog nie. Hy het gesê ek het my aansien en my Departement se aansien vernietig en ek probeer dit nou weer terugwin deur te worstel, dit is natuurlik nie oorlog soek nie, nê? En my Departement het op 'n perskepit of 'n banana skil gegly, en al hierdie dinge, dit is natuurlik nie oorlog soek nie, nê? Dink u mnr. Nel kan daardie tipe van ding teenoor my sê sonder dat ek daarop antwoord? Soos ek al in die verlede gesê het, hulle kan my slaan maar vir elke hou wat ek kry slaan ek ses houe terug en daar is niks mee verkeerd nie".

In verband met hierdie aanhaling is dit slegs nodig om die volgende paar punte te meld. Soos alreeds genoem, kan die klagte van 'n valse beskuldiging nie gehandhaaf word nie. Wat betref die beswaar i.v.m. "aansien", is dit wel so dat appellant met groot statutêre magte beklee is, dat - soos hy in sy getuienis beklemtoon het - hy 'n plig het om uit te voer «wat hom "deur die parlement opgelê is", en dat (soos appellant in par. 22 van die gewraakte berig gesê het) hy nie eerste respondent se "toestemming nodig het" om 'n gebied te bevries of te ontwikkel nie. Eerste respondent het nogtans ook die reg gehad om, in redelik besadigde taal, sy opinie - reg of verkeerd - oor die aansien van appellant en sy departement t.o.v. die hele aangeleentheid van die

bevriesing....../

bevriesing van die betrokke gebied uit te spreek. Luidens die getuienis van eerste respondent, het hy in die loop van sy toespraak ŉ grap gemaak dat iemand op ŉ perskepit gegly het of so iets. Die berig in die "Rand Daily Mail" van 29 November het egter wel die volgende bevat: "'Someone has slipped on a banana peel and when this happens, one tends to lose balance and fling one's arms about to regain it', said Mr. Nel". Nòg die perskepit nòg die piesangskil word in die notule van eerste respondent se toespraak genoem. Maar in elk geval, die verwysing na die piesangskil in die "Rand Daily Mail"-berig het geen genoegsame rede verstrek om lasterlike bewerings t.o.v. eerste respondent te maak nie.

Nadat appellant onder kruisondervraging verskeie male die aantyging in paragrawe 11 tot 13 van die gewraakte berig - nl. dat eerste respondent die Stadsraad sou mislei ~~het - herhaal het, kom die volgende in sy getuienis voor:~~

> "U weet, mnr. Coetzee, ek wil nie vir u waarsku..../-- Jy hoef my nie te waarsku nie, ek sal gebruik presies die taal wat ek goed ag. Ek probeer my nie anders voordoen as wat ek is nie en die taal wat ek nou gebruik en ek sê vir u dit was ŉ skandalige misleiding van sy raad".

Dit is geensins die enigste herhaling deur appellant in die loop van sy getuienis van die lasterlike bewerings in die gewraakte berig bevat nie. Voorbeelde daarvan is die volgende:

Met verwysing na par. 9 van die genoemde berig:

> "'Dit is nou vir my duidelik dat hy nie vatbaar vir redelikheid en ordentlikheid is nie. Mnr. Nel soek blykbaar oorlog en oorlog sal hy kry' - en ek bedoel elke woord wat ek daar gesê het".

Met verwysing na par. 17 van die genoemde berig:

> "Ek het dit nie op mnr. Rode bedoel nie. Ek het dit op mnr. Nel bedoel en ek sê hy ken nog nie sy werk nie of hy is net moedswillig en ek sê dit nou nog".

Dit kom inderdaad daarop neer dat, soos eerste respondent se advokaat betoog het, appellant, sonder om 'n pleit van regverdiging formeel te boekstaaf, die getuiebank gebruik het om die gewraakte lasterlike bewerings te herhaal. Nog baie voorbeelde van appellant se houding teenoor eerste respondent kan uit sy getuienis onder kruisondervraging aangehaal word, maar dit is voldoende om met die volgende af te sluit:

"U....../

"U het klaar vir ons gesê dat u wou hom beledig, u wou 'n aanval op hom maak?-- Natuurlik wou ek 'n aanval op hom maak. Ek wou 'n harde aanval op hom maak".

Onderhewig aan 'n moontlike voorbehoud wat hier nie ter sake is nie, het Hoofregter Watermeyer in Rhodes University College v. Field, 1947 (3) S.A. 437 te bl. 463 gesê:

"A man whose character or reputation or conduct has been assailed can say what is reasonably necessary to defend it and some latitude should be allowed in deciding what is reasonably necessary".

Sonder om enige poging aan te wend om die presiese perke van hierdie verweer af te baken, is dit na my mening duidelik dat, as dit bewys word dat dit 'n verweerder se werklike bedoeling was om sy teenstander te krenk en te beledig, kan genoemde verweer nie geld nie. Onder sodanige omstandighede kan die dekmantel van 'n sogenaamde antwoord op sy teenstander se vorige aantygings, na my mening, verweerder nie teen aanspreeklikheid vir sy uitlatings beskerm nie.

In die onderhawige saak is die kumulatiewe effek van die verskeie faktore wat ek hierbo na verwys het na my mening sodanig dat dit onvermydelik tot die gevolgtrekking

lei......./

lei dat dit appellant se oogmerk met die gewraakte berig was om eerste respondent (en, in 'n mindere mate, ook tweede respondent) te krenk en te beledig (Nydoo en Andere v. Vengtas, supra te bl. 613), en dat animus injuriandi dus wel bewys is.

T.o.v. tweede respondent se saak is dit slegs nodig om die volgende verdere opmerkings te maak. Alhoewel die gewraakte berig as antwoord op eerste respondent se toespraak van 28 November heet te wees, is tweede respondent ook daarin - meer bepaald in paragrawe 14, 15 en 16 van die berig - belaster. In sy nadere besonderhede het appellant beweer dat tweede respondent hom met die Stadsraad se weerstand persoonlik geïdentifiseer het deurdat hy, tydens 'n samespreking (waarby appellant nie aanwesig was nie) die aanwysing as "burokrasie" sou bestempel het. Dit kan egter nie as regverdigingsgrond vir die lasterlike bewering van pligsversuim in die gewraakte berig aangevoer word nie. Geen sodanige pligsversuim deur tweede respondent is bewys nie: hy het slegs die beleid en die besluite van die Stadsraad

uitgevoer...../

uitgevoer. Dit is ook in hierdie Hof betoog dat appellant nie tweede respondent as individu bedoel het nie. Hierdie betoog is op sekere dele van appellant se getuienis gebaseer waarin hy onder meer die volgende gesê het:

> "Ek wil u dit sê, U Edele, wanneer ek praat van hom en sy stadsklerk, ek kan sien dat dit vatbaar is dat ek nou net die twee here bedoel maar in die kringe waar ek beweeg, wanneer ek sê mnr. Nel en die Stadsklerk word presies geweet wat ek bedoel en dit is die hele 'set-up' van Pretoria se stadsraad. Die hele 'set-up'."

Hierdie betoog gaan ook nie op nie. Dit is egter nie nodig om al die besonderhede te noem nie, want op die derde dag van die verhoor het appellant se advokaat die volgende aankondiging gemaak:

> "Ek wil dit noem dat, in die lig van kennis wat die Eerste Verweerder by die getuienis van gister en ander omstandighede opgedoen het, spyt dit hom dat hy die Stadsklerk van Pretoria - die Tweede Eiser in dié saak - in sy persverklaring aan die Beeld van 30 November 1969 betrek het. Die bewerings waarvan die Tweede Eiser kla in dié geding word hiermee teruggetrek en Eerste Verweerder teken apologie aan. Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die voorgaande volstaan die Eerste Verweerder daarby dat die geleentheid van die maak van die persverklaring gepriviligeerd was. Die Eerste Verweerder bied hiermee aan om die Tweede Eiser se getakseerde koste tot op datum te betaal. Daarbenewens bied die Eerste Verweerder 'n bedrag van R1,000.00 aan in vergoeding van die eis. Die nodige inbetaling sal in die loop van die dag by wyse van formele kennisgewing gedoen word".

In......./

In hierdie Hof is dit betoog dat, tot die mate wat tweede respondent in sy persoon gekrenk is, is bogenoemde apologie en aanbod redelik voldoende. Met verwysing na hierdie aspek van die saak het die geleerde verhoorregter hom as volg uitgelaat:

> "Na my mening is hierdie aanbod onvoldoende. Dit was 'n ernstige belediging van 'n amptenaar wat 'n verantwoordelike amp beklee. Dit is gemaak deur 'n persoon met die hoë amp van 'n Minister van die Staat en daarbenewens is die verskoning ietwat halfhartig. Dit kom my neer op 'n verklaring 'ek trek terug wat ek gesê het maar ek was geregtig om dit te sê'. In sy getuienis het die verweerder ook nie sy aantygings teruggetrek nie maar het gesê dat siende dat sy aanbod nie aangeneem is nie, meen hy dat die 'geveg' nog voortduur".

Met hierdie siening stem ek saam, en ek vind dit nie nodig om enigiets daarby te voeg nie.

Die bedrag van skadevergoeding deur die verhoorhof bepaal, is nie, as sulks, in hierdie Hof namens appellant direk aangeval nie. Respondent se advokaat het geen betoog ter ondersteuning van die kruisappèl (naamlik, dat die skadevergoeding deur die verhoorhof toegeken vermeerder behoort te word) in hierdie Hof geopper nie. Daar bestaan in elk geval geen rede om met die verhoorhof se bepaling van die

skadevergoeding...../

skadevergoeding in te gryp nie. Vir die inligting van die takseermeester word dit egter geboekstaaf dat in hierdie Hof geen tyd deur die kruisappèl in beslag geneem is nie.

Op grond van die voorgaande redes, is die Hof se bevel soos volg:

1. Die appèl word met koste afgewys. Die gelde van twee advokate word toegelaat.

2. Die kruisappèl word met koste afgewys.

N Grein Thompson

RUMPFF, AR)
WESSELS, AR)
POTGIETER, AR)
TROLLIP, AR)

Stem saam.